

## *Die hartseer meisie*

Paul bly in 'n pragtige kasteel, waar hy vir 'n koning werk. Hy hou van sy werk en is baie hardwerkend en getrou.

Paul het baie van een van die meisies gehou wat ook in die paleis gewerk het. Sy was baie mooi, maar lyk altyd so hartseer. Hy wou so graag vir haar 'n present gee om haar op te beur. Terwyl hy eendag besig was om die paleis se vloere te poets, sien Paul die pragtigste pot met rooi blomme. Sal dit nie wonderlik wees as hy die blomme vir die hartseer meisie kan gee nie, wonder hy.

Hy maak al sy werk klaar en vat die pot met blomme na die meisie. Hy was seker dat die koning nie sal opmerk dat die pot met blomme weg is nie aangesien die paleise so baie blomme het. Die meisie was so bly. Sy weet nou iemand dink aan haar en sy voel nie meer so alleen nie.

Die koning was egter briesend oor sy rooi blomme wat voete gekry het. Hy roep al die werkers en vra wie verantwoordelik was vir die verdwyning van die blomme. Die koning sal almal straf as die skuldige nie uitkom nie.

Paul se vriende sê hy moet stilbly oor sy daad en hy was baie bang vir die koning. Paul het egter erken dat hy het die blomme gevat. Toe die koning hoor wat Paul met die blomme gedoen het en sien hoe gelukkig die meisie is, het hy gesê dat hy nie aan 'n beter doel vir die blomme kon dink nie.

---

*Paul het sy vrees oorkom en die waarheid vertel. Dit is altyd beter om die waarheid te vertel.*

Beantwoord nou die volgende vrae:

1. Watter kleur was die blomme?
2. In wie se diens was Paul?
3. Waarmee was hy besig toe hy die blomme gesien het?
4. Hoekom het die meisie altyd hartseer gelyk?
5. Wat betek dit as iemand sê iets het voete gekry?
6. Wat leer ons uit die storie?